Week 9: 12 – 16 Maart 2012



Liewe KoggelLopertjie ouers,

Ons hoop dat julle ‘n heerlike naweek gehad het en lekker ontspan het. Dankie aan al die pappas wat Saterdag kom help het met onderhoud by ons skooltjie. Ons waardeer julle baie!!

Tema: Sekondêre kleure

Hierdie week gesels ons oor die sekondêre kleure.

Maandag: Oranje, Dindag: Bruin en pers, Woensdag: Swart, Donderdag: Wit, deursigtig, grys en silwer en Vrydag: Pienk

Dit het so oulik gewerk toe almal verlede week dieselfde kleur aangetrek het as die kleur wat ons daardie dag bespreek het. Dit was groot pret en dit sal lekker wees as ons dit hierdie week weer so kan doen.

Om die Woord: God het Josef lief

Ons gaan voort met die verhaal van Josef en hoe God Hom beskerm en by Hom bly deur al die swaar tye. Ons gaan ook gesels oor hoe Josef opgetree het teenoor die mense wat hom seergemaak het. Die kinders besef dat al voel ons soms alleen en hartseer, God by ons bly en dat ons nog steeds met liefde moet optree teenoor mense, al maak hulle soms ons harte seer.

Ons het hierdie week vyf verjaarsdagmaatjies. Baie geluk aan Zach, Roxanne, Jacques, Lua en Schalk. Ons wens julle ‘n geseënde jaar toe!

Onthou asseblief:

Lekkertjie dag: Net op Woensdae mag daar ‘n ongesonde happie in die kosblikke wees. Moet asseblief nie op ander dae lekkergoed (skyfies en sjokoladetjies) saam stuur nie…dit veroorsaak groot ongelukkigheid in die klas.

Speelgoed: Speelgoed moet liefs nie saam kom skool toe nie. As die kinders graag met ‘n speelding wil kom spog moet dit weer saam met mamma/pappa huis toe gaan of dit sal in die kas gebêre word tot huis toe gaan tyd.

Gedagte vir die week: *Liefde is die suurstof van die gemeenskap.*
- Wolfgang Wegert –

Liefdetjies, Etresia en Yolandé

Mebalabala=Verskillende kleure
Malalatladi=reënboog
Ntsho=swart Tšhweu=wit
Khwibidu=Rooi Tshehla=geel
Tala(godimo)=blou Tala(merogo)=groen
Ee=ja Aowa=nee

MmaLulu